Untitled Document

Die roep van ’n visarend is so kenmerkend  dat dit as die ‘stem van Afrika’ bekend staan. Tog weet min

Visarende word binne en buite die  broeiseisoen as pare gesien. Hulle vat net een lewenslange ma

Visarende vreet egter nie naastenby net vis  nie. Hulle vang gereeld watervoëls, selfs voëls so groo



In vlug

.



’n Visarend vang ‘n vis
*Foto’s: Wikipedia*

Gaps
Visarende pas kleptoparasitisme toe en steel gereeld ander voëls se prooi. Die reusereiers staan ’n redelike persentasie van hulle vangs aan visarende af.

‘n Visarend word meestal gesien waar hy hoog in ’n boom sit met ’n goeie uitsig oor ’n stuk water. Die voël duik dan in die water om ‘n vis met sy kragtige kloue op te raap en daarmee weg te vlieg. Tog is dit nie al manier waarop dié arende jag nie.

As die visarend prooi vang wat meer as tien keer sy eie liggaamsgewig is, kan hy dit nie uit die water lig nie. Hy sleep dié prooi dan oor die water se oppervlak tot hy die wal bereik. As die prooi te swaar is om so te sleep, sal dié arend nie huiwer om op die water te gaan sit en met sy vlerke tot by die naaste wal te ‘roei’ nie.

Wanneer daar genoeg prooi is, kan ’n broeipaar se gebied 2,5 vierkante km water groot wees. Met min prooi kan die paar 24 vierkante km of meer benodig. Baie broeipare bly die hele jaar in een gebied, terwyl ander rondtrek om die nat weer te vermy.



